higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N5
(Eerste vraestel)

8 Oktober 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1	1.1.1	C		
	1.1.2	H		
	1.1.3	A		
	1.1.4	L		
	1.1.5	E		
	1.1.6	B		
	1.1.7	K		
	1.1.8	F		
	1.1.9	I		
	1.1.10	G		
			(10 × 2)	(20)

1.2	1.2.1	Onwaar		
	1.2.2	Waar		
	1.2.3	Onwaar		
	1.2.4	Onwaar		
	1.2.5	Waar		
	1.2.6	Waar		
	1.2.7	Onwaar		
	1.2.8	Waar		
	1.2.9	Onwaar		
	1.2.10	Onwaar		
			(10 × 2)	(20)
				[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Sien enige DRIE vrae uit hierdie afdeling na.

VRAAG 2

2.1
- Ronde/Tapse naald
- Snynaald
- Omgekeerde naald
- Tapse naald
- Traumatiese/Geswelde naald
- Reguit naald (Enige relevante 3 × 1) (3)

2.2
- As waterontsmetmiddel – gebruik in afvalwaterbehandelingsprosesse om organiese onsuiwerhede te verwyder
- Skoonmaak van verskeie oppervlakke
- Skoonmaak van sjirurgiese gereedskap
- As 'n damp vir die ontsmetting van 'n vertrek
- Ontsmetting van klein snye en skrape (dit kan genesing strem en littekens veroorsaak as dit vir wonde gebruik word)
- Mondspoelmiddel (Enige relevante 4 × 1) (4)

2.3
- Sorg vir handhigiëne en dra handskoene.
- Identifiseer die pasiënt en laat die pasiënt gemaklik sit.
- Maak seker dat jy weet watter toetse gedoen word, bevestig die pasiënt se inligting, kontroleer vir enige spesiale behoeftes en berei die nodige toerusting voor.
- Kies 'n geskikte plek vir 'n venipunktuur.
- Bind 'n toerniket bokant die gekose plek vas.
- Laat die pasiënt 'n vuis maak.
- Maak die area met alkohol skoon en laat droog word.
- Stel die naald en vakuumbuishouer op, steek die versamelbuis in, en haal die dop van die naald af.
- Steek die naald in, skuinskant bo.
- Druk die vakuumbuis volledig op die naald sodat die bloed in die buis kan invloei.
- Maak die toerniket los.
- Laat die laaste buis vol word.
- Verwyder die naald, druk gaas liggies op die plek en sit 'n verband om.
- Verwyder besmette voorwerpe op gepaste wyse.
- Maak seker dat buise die regte etikette op het.
- Stuur monsters dadelik na die laboratorium. (Enige relevante 8 × 1) (8)

2.4
- Vir voortgesette versorging/ verdere diagnose of deurlopende kliniese bestuur
- Vir administratiewe doeleindes
- Vir historiese doeleindes
- Vir die nagaan van gevalle
- Vir goeie kliniese en laboratoriumpraktyke
- Vir kliniese oudits
- Vir onderrig en navorsing
- Om vergoeding vir beroepsiektes of -beserings te betaal
- Om 'n klagte of eis vir kliniese nalatigheid te verdedig

(Enige relevante 5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 3

3.1
- Om te diagnoseer
- Om te behandel bv. radioterapie
- Om die ligging van vreemde voorwerpe te vind
- By tandheelkunde (Enige relevante 3 × 1) (3)

3.2
- IgA
- IgD
- IgE
- IgG
- IgM (Enige 4 × 1) (4)

3.3
- Normale urienkleur wissel van liggeel of strooikleur na amber✓ afhangend van die pigment wat dit bevat, hoe verdun of gekonsentreerd die urien is✓ en hoeveel water jy drink.✓
- Hoe meer gehidreer jy is, hoe helderder is jou urien,✓ maar dit kan ook oorhidrering en die verdunning van noodsaaklike soute en 'n elektrolitiese wanbalans aandui.✓
- Dehidrering kan deur amber urien aangedui word✓
- Urienkleur kan verander word deur pigment en ander bestanddele in sekere kosse,✓ asook medikasie✓ wat baie ongewone kleure kan veroorsaak.✓
- 'n Ongewone urienkleur kan 'n teken van siekte wees.✓
- Dowwe urien kan infeksie aandui.✓
- Bloed in die uriene kan urienbaaninfeksie, nierstene of kanker aandui.✓
- Donker urien kan lewerwanfunksie aandui.✓ (Enige relevante 8 × 1) (8)

3.4
- Die pasiënt voel gemaklik en verskaf alle relevante persoonlike inligting oor sy of haar klagte
- Die dokter toon respek teenoor die pasiënt, familielede of vriende.
- Die dokter neem tyd om na vrae, bekommernisse en idees te luister.
- Die pasiënt word by besluitneming ingesluit.
- Die dokter is ontvanklik vir 'n tweede mening.
- Die pasiënt hou by die behandelingsplan.
- Die dokter handhaaf gepaste grense. (Enige relevante 5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 4

4.1
- Uitgereik en geteken deur 'n mediese praktisyn of enige ander persoon wat gesertifiseer is om pasiënte te diagnoseer en behandel, wat by 'n professionele raad geregistreer is wat deur 'n wet van die Parlement tot stand gebring is.
- Naam, adres en kwalifikasies van die praktisyn
- Naam van die pasiënt
- Werknemernommer van die pasiënt indien van toepassing
- Datum en tyd van die ondersoek
- Of die sertifikaat uitgereik is as gevolg van persoonlike waarnemings deur die praktisyn gedurende die ondersoek of as gevolg van inligting wat van die pasiënt ontvang is
- Beskrywing van die siekte/aandoening/kwaal in leketaal – net as die pasiënt ingeligte toestemming gegee het.
- Of die pasiënt geheel en al ongesteld is of minder veeleisende take sal kan verrig
- Presiese datums/tydperk van aanbevole siekverlof
- Datum waarop sertifikaat uitgereik is
- Duidelike aanduiding van die identiteit van die praktisyn wat die sertifikaat uitreik – voorletters en van in drukskrif, asook die praktisyn se registrasie-/praktyknommer
- Leesbare handtekening van die praktisyn (Enige 7 × 1) (7)

4.2
- Bepaal of die toneel veilig is en of die persoon in enige gevaar verkeer
- Skep 'n veilige omgewing indien nodig.
- Bepaal of die persoon kan reageer deur aan hom of haar te tik en luid te vra 'Hoe voel jy?'
- Vra 'n spesifieke omstander om vir hulp te bel.
- Kontroleer/Maak die lugweg oop.
- Gaan asemhaling na.
- Gaan sirkulasie na.
- Pas KPR (CPR) toe indien nodig.
- As die persoon asemhaal, plaas hom/haar in die herstelposisie op sy/haar sy totdat hulp opdaag sodat vloeistof uit die mond kan loop.
- Sit ernstige bloeding stop indien moontlik; neem die nodige voorsorg.
- Moet nie die persoon beweeg as jy 'n spinale besering vermoed nie.
- Moet nie die persoon alleen laat nie.
- Bly daar totdat hulp opdaag. (Enige relevante 8 × 1) (8)

4.3
- Hou rekenaars in stand met gereelde skanderings en opgedateerde antispioenware en antivirusbeskerming.
- Maak seker dat rekenaars en praktykbestuursagteware veilig is en met wagwoorde beskerm word.
- Verander die wagwoord gereeld.
- Moet nie mediese rekords/lêers laat rondlê nie.
- Hou harde kopieë van mediese rekords toegesluit.
- Volg riglyne en beleide oor die veilige bewaring van rekords.
- As pasiëntinligting op 'n geheuestokkie afgelaai word, maak seker dit is geënkodeer en dat lêers met wagwoorde beskerm word.
- Wanneer jy inligting per e-pos na pasiënte stuur, verkry toestemming en maak seker dat die inligting na die korrekte e-posadres gestuur word.

(Enige relevante 5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 5

5.1
- Bloed
- Urien
- Ontlasting
- Speeksel/Spoeg
- Semen
- Selle/Weefsel
- Serebrospinale vloeistof
- Beenmurg

(Enige relevante 3 × 1) (3)

5.2
- Skêr
- Tang
- Naaldhouer
- Ontsmettingsmiddel
- Lemmetjies
- Wondhegtingsmateriale
- Steriele wonddekkings/verbande
- Steriele watte
- Steriele deppers
- Drup
- Lokale verdowing
- Spuitnaald
- Dun naalde
- Nierbakke
- Wasbak

(Enige relevante 4 × 1) (4)

5.3
- Bel vir noodhulp
- Bly kalm

Gedurende die eerste stadium:
- Help die vrou om in 'n gemaklike posisie te wees.
- In vroeë stadiums: vra waarheen wil sy gaan en reël vervoer.
- Gee ondersteuning.
- Vra wat jy kan doen om haar te help om haar pyn te hanteer, bv masseer haar rug, tap warm badwater in, gee slukkies water.
- Moedig haar aan om asemhalingstegnieke te gebruik/ om stadig uit te asem om spierspanning en pyn te verlig.

As sy reeds in die tweede stadium van kraam is:
- Maak seker die omgewing is skoon
- Lê skoon lakens/handdoeke neer.
- Help haar om die klere aan haar onderlyf uit te trek.
- Maak seker dat 'n dokter/vroedvrou/ambulans op pad is en volg enige instruksies wat hulle dalk oor die foon gee.
- Sorg vir 'n warm bedekking vir moeder en baba.
- Maak seker sy is in 'n gemaklike posisie.
- Gee ondersteuning terwyl sy druk.
- Wanneer die baba in die geboortekanaal verskyn, steun die kop en skouers sodat dit nie val nie.
- Moet nie druk op die kop uitoefen, of druk of trek nie.
- As die naelstring om die baba se nek gedraai is, trek dit versigtig oor en maak seker dit verwurg nie die baba nie.
- Dit is nie nodig om die naelstring te knip nie.
- Lig die baba versigtig oor die moeder se maag en gee dit vir haar.
- As die baba geen tekens van beweging of asemhaling toon nie, maak die lugweg oop en kyk of daar 'n obstruksie is.
- Pas kinder-CPR toe indien nodig.
- Verwag dat die plasenta en ander kraamprodukte sal volg.
- Ligte massering onder die naeltjie kan met die moeder se bloeding help.
- Hou die moeder en baba warm terwyl julle op die ambulans wag.

(Enige relevante 8 × 1) (8)

5.4
- Diagnose en prognose
- Aard van die behandeling
- Doel met die behandelilng
- Moontlike ander behandelings
- Opsie om nie te behandel nie
- Potensiële risiko's en voordele van behandelingsopsies of niebehandeling
- Moontlike gevolge en komplikasies
- Die reg op 'n tweede mening (Enige relevante 5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou